Siekes:
Johan Koegelenberg, Estie Gernandt, James Cunningham, Hannah du Plessis, Jumarie Froneman en Roger Harris.

Adverteer @ R30 per advertensie. Bring info (30 woorde of minder) na die kerkantoor voor/op Donderdag om 12:00, skakel 082 829 2062 of epos na ngwonderboom@gmail.com.

Was 'n Woef mobiele was-eenheid met warm water in die gemak van jou erf. Was, dip + naels knip. Ontwurming opsl. Ons pas ook diere op tydens vakansies.
Linda 084 344 7993

Vrystaat lamsvleis te koop: Heel lam—R120 p/kg. Vakuum verpak. Halwe lam—R125 p/kg. Vakuum verpak.
Los pakkies lamsvleis—R159 p/kg
Heel boud—R 139 p/kg
Ontbeende lamsrol—R189 p/kg
Lam sosaties gemarineer—R179 p/kg.
Kontak **Susan 083 384 1747** met jou bestelling

CLE Finansiële Dienste FSP 12700 Beskerming, spaar, beplanning ens. Kontak ons vir enige raad en bystand rakende sakeversekering, pensioen- en voorsorgfondse, lewensversekering, testamente, effektetrusts, aftreebeplanning, beleggings, ens.
Carel Hollenbach 082 901 2441

R $ £ € FSP 589
Skakel ons vir inligting, advies en bystand aangaande beleggings wêreldwyd. **SA Batebestuur 012 567 7657**

GEBEDSBRIEF
Wonderboom Ned. Geref. Gemeente
12 September 2021

Besoek ons WEBTUISTE: www.ngkwonderboom.co.za
U kan ook hier ons eredienste aflaai.

Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte ontmoetings met die lewende God sal wees!

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar/het!

LERAAR	TEMA	TEKS
Ds Ernest Horn 09:00	Leef as nuwe mens na die beeld van God!	Efesiërs 4:24: "…lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is…"
Dr Erika van Tonder Soetdoring 09:00	In sag wees is groot krag	Numeri 12:3 Moses was 'n uiters sagmoedige man, meer as enigiemand anders op die aarde.
Dr Nelius Steyn 18:00 Overkruin	Die krag van W (w)oorde	Jakobus 3:5a So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag.

Gholfdag - Baie dankie!
Dankie aan SA Bate-bestuur, die reëlings-komitee, die borge, elke speler en elkeen in die gemeente wat **Dinsdag 7 Sept se Gholfdag** by Wingate Park moontlik gemaak het. Dit was ‘n heerlike Lentedag met ongeveer 100 spelers wat die dag saam geniet het. Nie alleen was dit ‘n goeie belewenis nie, maar dit het ook ongeveer R80 000 ingebring. Ons loof die Here vir die geleentheid, die opkoms en die fondse!

9/11
Ons dink terug aan gister, twintig jaar gelede toe vier vliegtuie in Amerika gekaap is en in die WTC (Twin Tow-ers), die Pentagon en die grond vasgevlieg het. ‘n Teken van die broosheid en (soms) boosheid van die mensdom.

Liefdesgawes

Dankie aan elkeen wat getrou ’n offergawe gee!
U kan u dankoffer EFT of skandeer of in ‘n koevert by die kerk se posbus ingooi.
Ons bankbesonderhede is:
NG Gemeente Wonderboom,
ABSA Tjek-rekening,
Reknr: 526 015 1136
Sinoville Tak 632005.

CORONA GEBED:

Bid vir ons land en wêreld: Ons is in ’n hersiene fase 3 van inperking. Vyftig mense kan die erediensste bywoon en dit word aanlyn uitgesaai.

225 113 117 mense het wêreldwyd die virus gekry. 201 653 284 (89.58%) het gesond geword en 4 638 620 (2,06%). gesterf. Daar is al 3 281 589 504 [42,07 inge-ent.

In Suid-Afrika het 2 854 234 mense dit gekry, 84 751 (2,96%) het gesterf en 2 663 607 (93,32%) gesond geword. Daar is reeds 14 610 572 (24,35%) mense inge-ent. (Stats Sat 11/09/2021 om 22:00 @ Covid Visualizer).

Daar is **Junior Kategese** om 10:00 in die Binnehof. Daar is vanaand **Senior Kategese (**Gr7-Gr11) om 19:00-20:00 by Overkruin.

2de handse winkel:
Dankie vir elkeen wat ons hierin ondersteun met sken-kings of om goedere te kom koop. Bring asb. klere of ander bruikbare goedere na die kerkkantoor. Dankie aan die Barmhartigheidstaakgroep en elkeen wat hulle hierin behulpsaam is.

Koskas:
Ons benodig blikkieskos vir die koskas. Dit kan deur die week by die kerkkantoor afgegee word, of op ‘n Sondag kerk toe gebring word. Baie dankie aan elkeen wat gereeld hiertoe bydrae.

Aksie 60 Funksie !!!
Dankie aan die Barmhartigheidstaakgroep een elkeen wat ‘n bydrae gelewer het in die sukses van die Aksie 60 Funksie gister. Ongeveer sestig persone het die dag saam met Gary Forward en Nadine , twee uitstekende kunstenaars, geniet met die heerlikste bobotie en geelrys, slaai en roomys. Ons dank die Here vir ons senior lidmate!

Kersmark
Ons jaarlikse Kersmark 22 - 31 Oktober 2021 kom nader. Ons benodig persone wat behulpsaam kan wees met die verkope en / of toesig in die saal. Kontak asb. vir Ninette Barnard (082 829 2062), Abrie Coetzee (082 459 3177) of Elize Steyn (061 234 5750).